Sasria SOC Limited
P.O. Box 653367, BENMORE, 2010
36 Fricker Road, Illovo, 2196
Tel: +27 11 214 0800 (Switchboard)
Fax: +27 11 447 8630
Reg. No. 1979/000287/06
VAT Reg. 4140119340
FSP Licence No.: 39117

INLIGTINGSHANDLEIDING

Ingevolge van Artikel 14 van die

Bevordering van Toegang tot Inligtingswet Nr2 van 2000

INHOUDSOPGAWE

Itemnr.	Titel	Bladsynr.
1	Inleiding	3
2	Doel van die handleiding	3
3	Besonderhede ingevolge van Artikel 14	3
A	Die funksies en struktuur van Sasria MSB Beperk ***[Artikel 14 (1) (a)]***	3
A(i)	Die funksies van Sasria MSB Beperk	3
A(ii)	Die struktuur van Sasria MSB Beperk	4
B	Kontakbesonderhede ***[Artikel 14 (1) (b)]***	4
C	Die Artikel 10 Gids tot die gebruik van die Wet ***[Artikel 14 (1) (c)]***	5
D	Toegang tot die rekords wat deur Sasria MSB Beperk gehou word	5
D (i)	Die versoekprosedures	5
D (ii)	Outomatiese openbaarmaking ***[Artikel 14 (1) (e)]***	7
D (iii)	Vrywillige openbaarmaking ***[Artikel 15 (1) (a)]***	7
D (iv)	Rekords wat aangevra mag word ***[Artikel 14 (1) (d)]***	8
E	Beskikbare dienste ***[Artikel 14 (1) (f)]***	9
E(i)	Aard van dienste	9
E (ii)	Hoe om toegang tot hierdie dienste te bekom	9
F	Reeling wat toelaat vir openbare betrokkenheid by die formulering van beleid en die uitoefening van mag ***[Artikel 14 (1) (g)]***	9
G	Die remedies wat beskikbaar is as daar nie voldoen word aan die voorsiening van hierdie Wet nie ***[Artikel 14 (1) (h)]***	10
H	Ander inligting soos beskryf ingevolge van die Wet ***[(Artikel 14 (1) (i)]***	10
I	Goedkeuring	10

1. INLEIDING

Artikel 32 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Nr. 108 van 1996 ("die Grondwet") verskaf aan almal die gewaarborgde reg op toegang tot inligting. Die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting Nr. 2 van 2000 ("die Wet") is op 3 Februarie 2002 gepromulgeer om uitvoering te gee aan hierdie reg deur die bevordering van 'n kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid in openbare en privaatliggame.
Ten einde 'n gebalanseerde en verstaanbare assessering van sy posisie te bied, streef Sasria MSB Beperk (van hieraf verderaan verwys na as "Sasria") gehou word voortdurend daarna om te verseker dat sy verslaggewing en openbaarmaking aan sy aandeelhouers relevant, duidelik en doeltreffend is.
Hierdie handleiding is voorberei in ooreenstemming met die voorsienings van artikel 14 van die Wet, wat dit noodsaaklik maak vir elke regeringsentiteit om 'n handleiding voor te berei wat riglyne aan die publiek sal verskaf oor hoe om toegang te verkry tot enige inligting wat deur 'n regeringsentiteit gehou word.

2. DOEL VAN DIE HANDLEIDING

Die doel van hierdie handleiding is om riglyne aan lede van die publiek te verskaf oor hoe hulle toegang kan verkry tot enige inligting wat deur Sasria.

3. BESONDERHEDE INGEVOLGE ARTIKEL 14

A. Die funksies en struktuur van Sasria [Artikel 14 (1) (a)]

i. Die funksies van Sasria

Sasria is 'n staatsbeheerde entiteit wat oorspronklik ingevolge die Maatskappyewet Nr.61 van 1973 as 'n Artikel 21-maatskappy gei'nkorporeer was, met die staat asdie enigste aandeelhouer. Sasria is daarna omskep van 'n Artikel 21-maatskappy na 'n openbare maatskappy ingevolge die Omskakeling van SASRIA-wet, nr. 134 van 1998, met die staat steeds as die enigste aandeelhouer in die maatskappy. Sasria is 'n Korttermynversekeringsmaatskappy wat dekking voorsien vir skade as 'n gevolg van

politiese en nie-politiese handelinge, oproere, stakings en openbare wanorde. Sasria is die enigste korttermynversekeringsmaatskappy met die outoriteit om die bogenoemde gevare in terme van die Herversekering van Skades en Verliesewet, Nr. 56 van 1989, te onderskryf.

ii. **Die struktuur van Sasria**

Sasria bestaan uit 'n nasionale kantoor gelee in Gauteng by die fisiese adres genoem in **Paragraaf B** hieronder. 'n Skedule van die Raad van Direkteure en 'n skematiese voorstelling van die struktuur kan verkry word op die tuisblad van Sasria: http://www.sasria.co.za

B. **Kontakbesonderhede [Artikel 14 (1) (b)]**

Inligtingsbeampte:

Mnr Cedric Mnwabisi Masondo

Besturende Direkteur

Epos: cedricm@sasria.co.za

Adjunk-inligtingsbeampte:
(Behoorlik aangewys deur die Inligtingsbeampte om met versoeke vir toegang tot inligting ingevolge van die Wet te handel)

Mnr Mziwoxolo Success Mavuso

Maatskappysekretaris

Epos: mziwoxolom@sasria.co.za

Algemene Inligting:

Posadres:	Posbus 65337
	Benmore, 2010
Fisiese adres:	Frickerstraat 36, Illovo, Sandton
	2196
Telefoon:	(011)214 0800
Faksimilee:	(011) 11447 8624
Webwerf:	www.sasria.co.za

C. **Die Artikel 10 Gids tot die gebruik van die Wet** [Artikel 14 (1) (c)]

'n Handleiding is deur die Menseregtekommissie ingevolge van Artikel 10 van die Wet voorberei. Dit bevat inligting om enige person wat 'n reg wil uitoefen ingevolge van die Wet, tot hulp te wees. Hierdie gids is op die webwerf van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie beskikbaar.

Rig asseblief enige navrae aan:

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie: PAIA Eenheid

Die Navorsing en Dokumentasiedepartement

Contact Lindiwe Dlamini

Telefoon: +27 11 877 3808

Webwerf: www.sahrc.orq.za

Email ldlamini@sahrc.org.za

D. **Toegang tot die rekords wat deur Sasria gehou word**

i. **Die versoekprosedures**

'n Versoeker moet toegang tot 'n rekord van 'n openbare liggaam gegee word mits die versoeker aan die volgende voldoen:

- Die versoeker voldoen aan al die prosedurele vereistes in die Wet, metbetrekking tot die versoek vir toegang tot daardie rekord; en

- Toegang tot daardie rekord is nie geweier op enige grond van weieringgenome in die Wet nie.

- Geskrewe korrespondensie sal gerig word aan die versoeker in reaksie op die

ongeag of die versoek toegestaan is aldan nie.

- Indien die inligting nie opgespoor kan word nie, sal 'n geskrewe verklaring geteken en aan die versoeker gekommunikeer word.

- Die versoek sal binne dertig (30) dae van die versoek verwerk word of dit kan deur die
  inligtingsbeampte uitgestel word vir 'n verdere dertig (30) dae.
- Ongeag die tydsperk genoem hierbo, moet die inligtingsbeampte magtiging verkry van die Uitvoerende Komitee of Besturende Direkteur alvorens die inligting aan die versoeker vrygestel word.

Aard van die versoek:

- 'n Versoeker moet die vorm gebruik wat in die Staatskoerant 25099 [Staatskennisgewing
  R887 - 20 Junie 2003 Vorm A] gedruk is. Aanhangsel A illustreer die vorm wat voltooi moet word wanneer inligting aangevra word.

- Vorm A moet aan die Adjunk-Inligtingsbeampte gerig word by die adres of faksimileenommer wat in B gegee word of per epos.

- Die versoeker moet ook aandui of die versoek is vir 'n afskrif van die rekord en of die versoeker net die rekord wil inspekteer by die kantoor van die openbare liggaam. Alternatiewelik kan die rekord, as dit nie 'n dokument is nie, besigtig word in die aangevraagde vorm waar moontlik ***[Artikel 29(2)].***

- Indien die versoeker toegang verlang in 'n bepaalde vorm, moet die versoeker toegang
  gegee word op die wyse waarvoor gevra is. Dit wil se, tensy deur dit te doen, daar op 'n onredelike wyse ingemeng word met die bedryf van die betrokke openbare liggaam, of die rekord beskadig kan word, of 'n kopiereg geskend kan word. Indien toegang om praktiese redes nie toegestaan kan word in die aangevraagde vorm nie, maar in 'n alternatiewe vorm, moet die fooi bereken word volgens die vorm van toegang wat aanvanklik deur die versoeker aangedui is ***[Artikel 29(3) en (4)].***

- Indien die versoeker bo en behalwe die geskrewe antwoord op die versoek tot 'n rekord, ook versoek om geadviseer te word oor die besluit op enige ander wyse, bv. telefonies, moet dit so aangedui word ***[Artikel 18(2)(e)].***

- Indien die versoeker namens iemand anders vir die inligting vra, moet die hoedanigheid waarin die versoek gemaak word, aangedui word ***[Artikel 18(2)(f)].***

- Indien die versoeker nie kan lees of skryf nie, of 'n gebrek het, kan die versoek vir die record mondelings gemaak word. Die inligtingsbeampte moet dan die mondelinge versoek neerskryf op die voorgeskrewe vorm en 'n afskrif daarvan aan die versoeker verskaf ***[Artikel 18(3).***

Daar is twee tipes fooie wat betaal moet word ingevolge van die Wet, naamlik die versoekfooi en die toegangsfooi *[Artikel 22].*

'n Versoeker wat toegang tot 'n rekord met persoonlike inligting van die versoeker bevat, hoef nie die voorgeskrewe fooi te betaal nie. Elke ander versoeker wat nie 'n persoonlike versoeker is nie, moet die vereiste versoekersfooi betaal:

- Die inligtingsbeampte moet die versoeker (iemand anders as 'n persoonlike versoeker) in kennis stel van die vereiste voorgeskrewe fooi (indien enige) voor verdere prosessering van die versoek.

- Die versoekfooi betaalbaar aan openbare liggame is R35.00. Die versoeker kan 'n interne appel rig, waar van toepassing, of 'n aansoek teen die tender of betaling van die versoekfooi aan die hof rig.

- Nadat die inligtingsbeampte 'n besluit geneem het oor die versoek, moet die versoeker in kennis gestel word van sodanige besluit op die wyse waarop die versoeker aangedui het om in kennis gestel te word.

- Nadat 'n versoek toegestaan is, is die toegangsfooi betaalbaar vir die opspoor, voorbereiding, reproduksie en vir enige tyd wat die voorgeskrewe tyd oorskrei het om te soek vir die rekord en dit voor te berei vir openbaarmaking.

ii. **Outomatiese openbaarmaking** [Artikel 14 (1) (e)

Die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling moet 'n kennisgewing publiseer ingevolge van ***Artikel 15(2)*** wat die kategoriee van rekords van die liggaam wat beskikbaar is sonder dat iemand toegang hoef aan te vra ingevolge van die Wet, beskryf. Ten tye van die publikasie van hierdie handleiding was daar geen sodanige kennisgewing gemaak met betrekking tot Sasria Inligting nie.

iii. **Vrywillige openbaarmaking** [Artikel 15 (1) (a)]

Sasria sal poog om vrywilliglik 'n beskrywing van die kategoriee van rekords wat outomaties beskikbaar is, aan die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling voor te le. Huidiglik is daardie kategoriee soos volg: Sasria Produkte; Koerse; Eiseprosedure; Omsendbriewe; Regulasies; Bestuursake.

iv. **Rekords wat aangevra mag word** [Artikel 14 (1) (d)J

Beskrywing van die onderwerpe en kategoriee van rekords wat deur Sasria gehou word:

MAATSKAPPY-INLIGTING

- Maatskappydokumente: Sertifikaat van Inlywing, Memorandum van Inlywing
- Registers
- Jaarlikse Finansiele State
- Raad- en Komiteerekords

MENSLIKE HULPBRONNE

- Dienskontrakte
- Korrespondensie met betrekking tot Personeel
- Werknemerskontrakte en ander personeelverwante kontrakte en kwasi-wetlike Rekords

OOREENKOMSTE EN KONTRAKTE

- Ooreenkomste met verskaffers
- Ooreenkomste met Agentmaatskappye
- Ooreenkomste met die Suid-Afrikaanse Regering
- Beleggingsbestuursooreenkomste
- Korporatiewe verkoopsooreenkomste
- Huurooreenkomste

FINANSIELE EN BOEKHOUDINGSREKORDS

- Rekeningboeke
- Finansiele state
- Bankrekeningrekords
- State en stawende dokumente
- Beleggingsverslae en dokumente
- Beleggingsrekords
- Sekuriteitsdokumente

VERKOPE EN BEMARKING

- Lys van agentmaatskappye
- Magtigingsbriewe
- Bemarkingsrekords
- Rekords wat deur die maatskappy gegenereer is in die volvoering van sy pligte teenoor kliente, insluitend transaksierekords
- Interne evalueringsrekords en ander interne rekords

E. Beskikbare dienste [Artikel 14(1)(f)]

i. Aard van dienste

In Sasria sal hierdie dienste insluit soos aktiwiteite binne programme en departemente. Hierdie kan vanaf Sasria se tuisblad bereik word.

ii. Hoe om toegang tot hierdie dienste te bekom

Om toegang tot die dienste van Sasria te bekom, moet versoeke gerig word aan die Besturende Direkteur van die maatskappy.
Die Besturende Direkteur van Sasria is: Mnr Cedric Mnwabisi Masondo
Dieselfde kontakbesonderhede as wat hierbo in **Paragraaf B** verskaf is, kan gebruik word om Mnr Cedric Mnwabisi Masondo te kontak.

F. Reeling wat toelaat vir openbare betrokkenheid by die formulering van beleid en die uitoefening van mag [Artikel 14 (1) (g)]

Hierdie bepalings word beheer deur die Omskakeling van SASRIA-Wet, 1998 (Wet Nr 134 van 1998). Die relevante voorsienings is ***Artikels 6en 9*** van genoemde Wet.

Artikel 6 voorsien dat die Minister, na oorlegging met die korttermynversekeringsindustrie, mag -

(a) verander aan die memorandum en statute van die Maatskappy, behalwe om die Maatskappy se hoofbesigheid van die dra van korttermynversekering vir spesiale risiko's anders as daardie van korttermynherversekering van spesiale risiko's te verander;
(b) die raad van direkteure van die Maatskappy aanstel; en
(c) enige iets doen wat nodig is om uitvoering te verleen aan die omskakeling van SASRIA na 'n openbare maatskappy en om die Maatskappy te herstruktureer.

Artikel 9 voorsien dat die Minister, na oorlegging met die korttermynversekeringsindustrie, die Staat se aandeel of deel van sy aandeelhouding in die Maatskappy moet verkoop of op enige ander wyse daarvan ontslae moet raak.

G. **Die remedies wat beskikbaar is as daar nie voldoen word aan die voorsiening van hierdie Wet nie** [Artikel 14 (1) (h)]

In ooreenstemming met die voorsienings van ***Artikel 74*** van die Wet, mag 'n beswaarde versoeker 'n interne appel rig teen 'n besluit van die Inligtingsbeampte van Sasria. ***Artikel 75*** skryf die prosedure voor wat gevolg moet word om 'n appel aan te teken.

H. **Ander inligting soos beskryf ingevolge van die Wet** [(Artikel 14 (1) (i)]

i) **Opdatering van die Handleiding [Artikel 14 (2)]**
Sasria is verantwoordelik vir die opdatering van hierdie handleiding met tussenposes van nie meer as een jaar nie.

ii) **Beskikbaarheid van die Handleiding [Artikel 14 (3)]**
Sasria sal die nodige stappe neem om te verseker dat hierdie handleiding beskikbaar gestel word in vier (4) amptelike tale: Engels, Afrikaans, Zoeloe en Suid-Sotho.

I. **GOEDKEURING**

Hierdie Handleiding is deur die Uitvoerende Komitee van Sasria op hierdie 30ste dag van Junie 2015 goedgekeur.

.....
Mr C.M. Masondo (Managing Director)

30 Junie 2015
DATUM